

# RANKENDE ONKRUIDE: 'n Kopseer in mielieproduksie

ELBÉ HUGO en MARLENE VAN DER WALT, LNR-Instituut vir Graangewasse, Potchefstroom

In meeste gevalle word produsente eers bewus van rankende onkruidе wanneer dit teen volwasse plante begin oprank. Rankende onkruidе is strawwe kompeteerdсs vir voedingstowwe – en veral sonlig – en sal dus teen enige gewas begin opkruip op soek na sonlig.

Hulle kan sodoende die gewas versmoor en verhoed dat plante normaalweg fisiologies ryp word, met gevolglike opbrengsverliese. Verder kan hierdie rankende onkruidе, waar plante al wel koppe gevorm het, die oesproses aansienlik bemoeilik.

Die mees algemene rank-onkruidе in Suid-Afrika wat probleem-onkruidе in mielieproduksie kan word, is purperwinde (*Ipomoea purpurea*), akkerwinde (*Convolvulus arvensis*) en wilde bokwiet (*Fallopia convolvulus*).

Hierdie onkruidе het uitgebreide wortelstelsels met diep-groeiende penwortels. Al drie spesies plant met saad voort. Akkerwinde is 'n meerjarige plant en kan ook met ondergrondse risome voortplant.

Akkerwinde en wilde bokwiet kan maklik met mekaar verwar word, omdat albei dieselfde dowwe donkergroen, pylvormige blare het.


Wilde bokwiet se blare het egter 'n meer hartvormige basis, terwyl akkerwinde se blare meer driehoekig vertoon. Hierdie twee kan wel maklik onderskei word van purperwinde wat helder groen, hartvormige blare het.

Akkerwinde en purperwinde het groot wit, ligte pienk of pers blomme, terwyl wilde bokwiet amper onsigbare klein, wit blommetjies in die oksels dra. Hierdie rankende spesie kan tot 1 000 saadjies per plant produseer en kan vir tot tien jaar in die grond oorleef. Beide akkerwinde en purperwinde is geklassifiseer as kategorie 1-indringerplante wat beteken dat dit, waar dit voorkom, beheer moet word om verspreiding te beperk.

Die beheer van rankende onkruidе is 'n uitdaging – veral waar dit reeds begin rank het. Plante moet so vroeg as moontlik beheer word, rondom die vier- tot sesblaar-stadium. Hierdie spesies is bekend daarvoor dat hulle 'n hoë toleransie vir onkruidodders het.

Daar is wel onkruidodders vir die beheer van dié onkruidе in verskeie gewasse geregistreer. Die etiket-instruksies moet egter baie noukeurig deurgelees word om te bepaal of die spesifieke onkruidе wel in die tabel van onkruidbeheer gelys word.

## Purperwinde



## Akkerwinde



## Wilde bokwiet



- ▼ 1: Purperwinde (*Ipomoea purpurea*).
- ▼ 2: 'n Saailing van purperwinde.
- ▲ 3: Die kenmerkende wit of pers blomme van purperwinde.
- ▼ 4: Rankende purperwinde kan die oesproses bemoeilik.
- ▼ 5: Akkerwinde (*Convolvulus arvensis*).
- ▲ 6: Die pylvormige blare van akkerwinde.
- ▼ 7: Die ondergrondse risome van akkerwinde.
- ▲ 8: Wilde bokwiet (*Fallopia convolvulus*). Foto: Hestia Nienaber



